higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 4

(3011024)

24 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

296Q1N2324

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1. Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ’n Persoon wat probeer om ’n onderneming te vestig of ’n nuwe produk bekend te stel

A Produsent
B Werker
C Aandeelhouer
D Entrepreneur

1.1.2 Die ekonomiese stelsel waarin die staat se betrokkenheid die meeste beperk is

A Tradisionele ekonomie
B Kapitalisme
C Kommunisme
D Gemengde ekonomiese stelsel

1.1.3 Watter van die volgende faktore beïnvloed die groei van die staat?

A Bevolkingsgroei
B Mikro-ekonomiese vraagstukke
C Vraag na en voorsiening van goedere en dienste
D Openbare welsyn

1.1.4 Staatsbesteding het met verloop van tyd verhoog as gevolg van ...

A inflasie en werkloosheid.
B nuwe staatsprogramme.
C nuwe bestedingswetsontwerpe wat aangeneem word.
D gebrek aan stabiliteit in die mark.

1.1.5 Die wet wat ten doel het om mense wat voorheen benadeel is, in staat te stel om werk te kry

A Wet op Munisipale Stelsels
B Wet op Vaardigheidsontwikkeling
C Wet op Arbeidsverhoudinge
D Wet op Diensbillikheid

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Plaaslike ekonomiese ontwikkeling- (PEO) inisiatiewe kan goedere en dienste produseer wat mededingend geprys is deur ...

A die formele en informele ekonomieë te koppel.
B ’n hoë lewenstandaard te handhaaf.
C grond te bestuur.
D te identifiseer waar en watter tipe behoeftes bestaan.

1.1.7 Indien die prys van voertuie aansienlik sou styg, sal die vraagkromme vir petrol hoogs waarskynlik ...

A na links skuif.
B na regs skuif.
C onveranderd bly.
D steiler word.

1.1.8 Die sertifikaat van oorsprong moet deur die ... onderskryf word om die vervaardiger te bevestig.

A kamer van koophandel
B invoerder
C uitvoerder
D staat

1.1.9 ’n Kredietbrief is geskik vir ...

A eerstekeer-uitvoerders.
B gereelde uitvoerders.
C mikro-ondernemings.
D multinasionale maatskappye.

1.1.10 Een van die volgende is nie ’n voorbeeld van kliëntverwante risiko’s nie.

A Kultuur
B Smake en voorkeure
C Modeneigings
D Kredietooreenkomste

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 'n Toename in die vloei van goedere en dienste van maatskappye na huishoudings impliseer ook 'n toename in die vloei van besteding aan goedere en dienste van huishoudings na maatskappye.

1.2.2 Die bruto binnelandse produk gee 'n maatstaf van die totale waarde van finale goedere en dienste wat binne die landsgrense verbruik word.

1.2.3 Die besluit om inkomstebelasting te verhoog is deel van die monetêre beleid.

1.2.4 Onderwys kan as merietegoedere beskou word.

1.2.5 'n Verandering in tegnologie dwing sikliese veranderinge in 'n ekonomie af omdat dit ondernemings dwing om die manier waarop hulle sake doen, te verander.

1.2.6 Indien die bevolkingsgroei 2,5% en die reële ekonomiese groeikoers 1,5% is, sal dit tot 'n verhoging in die reële per capita-inkomste lei.

1.2.7 Die instandhouding en konstruksie van infrastruktuur is befondsde mandate van plaaslike regering.

1.2.8 Suid-Afrika voer meer goedere en dienste na die ontwikkelde wêreld as na Afrika uit.

1.2.9 Wisselkoersstelsels is die maniere waarop lande verkies om hul geldeenhede met betrekking tot die valutamark te bestuur.

1.2.10 Indien jy 'n klein pakkie stuur wat nie vir kommersiële gebruik is nie, maar wel vir geskenkdoeleindes, sal dit onderhewig wees aan uitvoerbeheer en die vragkoste sal gedek wees.

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae. WYS ALLE BEREKENINGS.

Item	**R miljoen**	
Verbruikersbesteding deur huishoudings	300 000	00
Beleggingsbesteding	250 000	00
Owerheidsbesteding	120 000	00
Besteding deur buitelanders aan SA goedere	100 000	00
Besteding deur Suid-Afrikaners aan buitelandse goedere	150 000	00
Totale produksie	1 200 000	00
Besparings	125 000	00
Besteding aan invoere deur maatskappye	100 000	00
Inkomstebelastings	200 000	00
Besteding aan invoere deur huishoudings	50 000	00

2.1.1 Bereken die totale lekkasies. (4)

2.1.2 Bereken die totale inspuiting. (4)

2.2 Definieer elk van die volgende konsepte:

2.2.1 Plaaslike ekonomiese ontwikkeling (2)

2.2.2 Eksternaliteite (2)

2.3 Verduidelik kortliks VIER betalingsooreenkomste wat in internasionale handel gebruik word. (8)

(4 × 2)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

SA SE LANDELIKE GEBIEDE EN KLEINER MUNISIPALITEITE BENODIG NASIONALE STEUN OM ARMOEDE TE BEVEG

Armoede in Suid-Afrika se landelike gebiede en kleiner munisipaliteite word vererger deur hul klein inkomstebasis. Onmiddellike geteikende ingrypings deur die nasionale regering is nodig vir erg verarmde gebiede in provinsies wat minder dig bevolk is.

[Aangepas uit *https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/*2022-08-29]

3.1 Verduidelik die term *armoede* in jou eie woorde. (2)

3.2 Gee VIER voorbeelde van maatskaplike voordele wat deur die staat voorsien word om armoede te hanteer. (4)

3.3 Waarom betaal mense in landelike gebiede soms hoër pryse vir goedere en dienste as diegene wat in stedelike gebiede woon? (2 × 2) (4)

3.4 Wat is die VIER belangrikste beginsels van plaaslike ekonomiese ontwikkeling? (4)

3.5 Verduidelik hoe die toerismebedryf die arm landelike gemeenskappe van Suid-Afrika positief kan beïnvloed. (3 × 2) (6)

3.6 Wat is die doel van ’n strategie vir mensehulpbronontwikkeling? (6)

3.7 Tabelleer die verskille tussen ontwikkelende lande en ontwikkelende lande. (3 × 2) (6)

3.8 Identifiseer die indeks wat gebruik word om Suid-Afrika se inflasiekoers te meet en verduidelik dit kortliks. (2)

3.9 Gee DRIE redes waarom BNP-syfers in Suid-Afrika oor die algemeen laer as die BBP-syfers is. (6)

[40]

VRAAG 4

4.1 Definieer elk van die volgende konsepte:

4.1.1 Dwaling van samestelling (‘fallacy of composition’)

4.1.2 Marginale analise

(2 × 2) (4)

4.2 Gee die formule wat gebruik word om die aanbodelastisiteit te bereken. (2)

4.3 Verduidelik die verskil tussen elastiese en onelastiese aanbod en gee voorbeelde. (4)

4.4 Gee VIER sleutelkonsepte wat die kern van plaaslike ekonomiese ontwikkeling (PEO) uitmaak. (4)

4.5 Noem VIER doelwitte van plaaslike ekonomiese ontwikkeling. (4)

4.6 Gee VIER nadele van tegnologiese verandering. (4 × 2) (8)

4.7 Noem die tipe versekering wat die verkoper kan uitneem om hom/haar teen wisselkoersskommelinge te beskerm. (2)

4.8 Verduidelik kortliks die tipe versekering wat in VRAAG 4.7 geïdentifiseer is. (4)

4.9 Bespreek kernrisiko’s wat verband hou met uitvoerfaktorering uit die uitvoerfaktor se gesigspunt. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 5

5.1 Gee SES tipes verskepingsterme wat met internasionale handel verband hou. (6)

5.2 Verduidelik die verantwoordelikhede van elk van die volgende partye in die kredietbrief.

5.2.1 Adviserende bank (2)

5.2.2 Uitgiftebank (2)

5.3 Beskryf ekonomiese groei en indiensneming as ekonomiese doelwitte van die fiskale beleid. (2 × 2) (4)

5.4 Verduidelik die gevolge van ’n repokoersstyging op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (6)

5.5 Bespreek VYF eienskappe van ’n gemengde ekonomie. (5 × 2) (10)

5.6 Wat is die voorsorgmaatreëls wat oorweeg moet word voordat goedere en dienste na ’n ander land uitgevoer word? (4)

Kopiereg voorbehou

5.7 Verduidelik hoe vooruitbetaling beskou kan word as 'n riskante metode vir die invoerder en beste metode vir die uitvoerder. (6)
[40]

VRAAG 6

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

WAARSKUWING OOR 'TWEEDERONDE'-BEDREIGINGS VAN INFLASIE IN SUID-AFRIKA MET MEER KOERSVERHOGINGS OP PAD

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank se Monetêre Beleidskomitee (MBK) het finansiële markte verras deur sy grootste styging in leenkoste in byna twee dekades aan te kondig, wat 'n vinniger pas van verhogings deur die loop van volgende jaar aandui.

'n Kombinasie van wegholinflasie en 'n verskerpende beleidsiklus deur groot globale sentrale banke het daartoe gelei dat die Monetêre Beleidskomitee die terugkoopkoers van 4.7% tot 5.5% verhoog het.

[Vertaal uit: *https//businesstech.co.za/news/business* /606969/]

6.1 Watter beleid gebruik die sentrale bank om die geldvoorraad te beheer? (1)

6.2 Wat is die primêre doelwit van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB)? (1)

6.3 Noem VIER belangrike instrumente wat 'n senrale bank gebruik om monetêre beleid te implementeer. (4)

6.4 Watter maatreëls kan die staat tref om inflasie in Suid-Afrika te verminder? (2 × 2) (4)

6.5 Verduidelik VIER redes waarom lande goedere invoer. (4)

6.6 Gee VIER redes vir uitvoerbeheer. (4)

6.7 Met watter soort risiko's het die uitgiftebank in die kredietbriefooreenkoms te make? (3 × 2) (6)

6.8 Die wisselkoers teenoor die Britse pond is R18,65. Dit beteken £1 = R18,65.

6.8.1 Bereken die nuwe wisselkoers indien die rand se waarde met 0.98% styg. Wys alle berekenings. (4)

6.8.2 Wat sal die nuwe wisselkoers wees as die rand se waarde die volgende dag met 2% daal? Wys alle berekenings. (4)

6.9 Wat is merietegoedere in ekonomie? Gee EEN voorbeeld. (4)

6.10 Verduidelik TWEE strategieë wat deur die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram ('UNDP') vir Suid-Afrika voorgestel word om uitdagings rakende volhoubare ontwikkeling te hanteer. (2 × 2) (4)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou